Waarom is dit nodig?

In die hoërskool is die akademiese werkslading baie meer as in die laerskool. Daar word van leerders verwag om op hul eie groot hoeveelhede werk te doen. Goeie leesvaardighede vergemaklik die leerproses, terwyl gebrekkige of onvoldoende leesvaardighede 'n leser baie kan benadeel.

Talle leerders het nog nooit onafhanklik geleer nie. Hulle ervaar onnodige frustrasie en mislukking, omdat hulle nie weet hoe om reg te leer nie. Ouers wil help, maar weet nie altyd hoe om te help nie. Dikwels dink ouers dat hul kinders moet leer soos wat hulle geleer het, terwyl elke mens 'n unieke leerstyl het.

Hoe skryf ek in?

Voltooi die inskrywingsvorm hiernaas en faks of e-pos dit tesame met die bewys van betaling na: 086 6570706 of readplus@compnet.co.za

Kontakbesonderhede

Elmarie Stofberg

B.A. H.O.D. Sert. Leesondersteuning M. Phil. (Cum Laude) US

readplus@compnet.co.za

Sel. 082 7626 313

Tel. 023 3491294

Faks. 086 657 0706

Vir meer inligting besoek ons webwerf:
readpluseducation.com

Leerder besonderhede

NAAM EN VAN

TOELATINGSNOMMER

GRAAD 8 (A-G)

GEBOORTEDATUM OUDERDOM

LAERSKOOL

Besonderhede van ouers

NAAM EN VAN VADER

ID NO

NAAM EN VAN MOEDER

ID NO

POSADRES

E-POSADRES

TELEFOONNOMMER TUIS

SELFOON MOEDER

SELFOON VADER

IS U KIND 'N ☐ koshuisleerder ☐ dorp leerder

DUI ASSEBLIEF TENTATIEF AAN WATTER DAG EN LESTYD U KIND PAS

dag *lestyd*

Handtekening van ouer:

Vir meer inligting besoek ons webwerf:
readpluseducation.com



LEES PLUS

LEER OM TE LEER
STUDIEKURSUS
HTS DROSTDY

Wat doen ons?

Leesontwikkeling

Goeie leesvaardighede is 'n voorvereiste vir akademiese sukses. Alle aspekte van lees word onderrig en sluit in:

- Vlotheid: Verbetering van leesspoed om groter volumes werk te hanteer en om begrip te bevorder.
- Begripsvaardighede: Dink soos 'n goeie leser, voor, tydens en na lees om met insig en begrip te lees.
- Leesstrategieë: Loerlees, vluglees, visualisering, monitor begrip, samevatting, interpretasie en akkurate weergee van inligting.

Studiemetodes en –begeleiding

Leer om op die regte manier te studeer.

- Ons bepaal die leerder se leerstyl, veelvuldige intelligensie en breinvoorkeur.
- Leer die regte studiemetodes en -gewoontes aan.
- Ouers ontvang 'n verslag en terugvoering oor die leerder se leervoorkeure. Ouers word toegerus om hul kind op die regte manier te ondersteun.
- Skoolwerk word weekliks saam met die leerder opgesom en op datum gehou.

Hoe werk dit?

- U kind ontvang een les per week vir 8 weke van elke kwartaal. Die kursus volg 'n gestruktureerde program en duur 'n jaar.
- **Wanneer:** Dinsdae **OF** Donderdae
- **Lestyd en plek vir Dorpleerders**: 14:00-14:45 in Mnr Oupie du Plessis se klas
- **Lestyd en plek vir Koshuisleerders:** 14:45 -15:30 **OF** 15:30-15:15 in die koshuis
- ONS MAAK SEKER DAT DIT NIE MET ANDER BUITEMUURSE AKTIWITEITE BOTS NIE

Wat kos dit?

- **Registrasiefooi:** Eenmalige betaling van R150 wat inskrywing vergesel.
- **Klasgelde:** R500 per kwartaal.
- Betalings is streng vooruitbetaalbaar en moet aan die einde van die eerste maand van elke kwartaal betaal word.

Bankbesonderhede

Elmarie Stofberg
ABSA (Worcester)
Spaarrekening: 9075812847
Gebruik asseblief u kind se naam en van as verwysing.
Betalingsbewys kan per SMS, faks of e-pos gestuur word.

Wat gaan ons doen?

Eerste kwartaal: Leesvaardighede: Leesspoed, vlotheid, retensie en begrip word onderrig, sodat die leerder gereed is om te leer.

Tweede kwartaal: Bepaal leerstyl, breinvoorkeur en veelvuldige intelligensie van leerder en daarvolgens word 'n studiemetode aangeleer wat pas by die unieke leerstyl en breinvoorkeur van die leerder. Ouers ontvang verslag.

Derde kwartaal: Die lees- en leervaardighede wat in kwartale 1 en 2 aangeleer is word ingeoefen en vasgelê en voorbereiding vir die toetsreeks word gedoen.

Vierde kwartaal: Eksamenvraestelle word uitgewerk, eie studie– en opsommingsrooster word opgestel en skoolwerk vir die eindeksamen word opgesom.

Wie moet dit doen?

ALMAL wat hul volle potensiaal wil bereik en sukses wil behaal.